PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

Beste Ouers

COVID-19: WES-KAAP

Die bestuur van die Covid-19-pandemie bly steeds 'n uitdaging vir alle skoolbestuurspanne. Die veiligheid van ons leerders en ons personeel is vir ons ononderhandelbaar. Die sleutel tot die bestuur van die pandemie bly steeds ons aanpasbaarheid. Ons waardeer die ondersteuning en samewerking van ons ouers.

Die skoolbestuurspan is van die opinie dat die feit dat die leerders tans assessering doen en dus 'n korter skooldag het, maak dat daar minder geleentheid vir kontak en gevolglike verspreiding van die virus is. Die seuns is tans besig met studie en daar is dus minder sosiale geleenthede.

Die Covid-19-getalle is besig om skerp te styg in die Wes-Kaap. Ons het tans 10 positiewe gevalle asook leerders wat isoleer. Leerders wat in kontak was met positiewe gevalle, is reeds ingelig en ouers is versoek dat hierdie leerders moet isoleer. Reëlings is in plek vir hierdie leerders om afstand-assessering af te lê. Graadhoofde sal met ouers kommunikeer oor die aflê van die aanlyn-assessering.

In die lig van die stygende getalle, het ons besluit om alle sportoefeninge vanaf Maandag, 28 Junie vir die res van die kwartaal te kanselleer.

Ons wens is dat u gesond sal bly en dat ons mekaar sal ondersteun in hierdie tyd wat reuse uitdagings bied. Herinner asseblief u seun aan die belangrikheid van handhawing van protokolle en die vermyding van sosiale byeenkomste.

André van Staden
REKTOR

25 Junie 2021